higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STRAFREGPROSES
NKR VLAK 4

15 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Beantwoord al die vrae in AFDELING A.

VRAAG 1

1.1 A
1.2 C
1.3 B
1.4 D
1.5 B

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

2.1 Onwaar
2.2 Waar
2.3 Onwaar
2.4 Waar
2.5 Waar

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

3.1 G
3.2 L
3.3 F
3.4 J
3.5 A
3.6 H
3.7 B
3.8 C
3.9 E
3.10 I

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

4.1 Slagoffer-oortreder-versoeningsprogram
4.2 Bereiking van geregtigheid
4.3 Die skade wat gely is, te herstel
4.4 Vrywillig
4.5 Geen spesifieke uitkoms

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 25

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

Beantwoord al die vrae in AFDELING B.

VRAAG 5

5.1 5.1.1 In 'n akkusatoriese verhoor word 'n uitspraak deur 'n onpartydige regter of jurie gelewer nadat die getuienis oorweeg is wat voor die hof gebring is. (1)

5.1.2
- In 'n inkwisitoriese verhoor het die voorsittende beampte 'n vervolgingsrol.
- 'n Inkwisitoriese verhoor is 'n inkwisitoriese proses waarin die voorsittende beampte of hof betrokke is by die ondersoek na die feite van die saak om die waarheid te vind en dit nie as vervolging in 'n vyandige sin beskou nie. (1)

5.2 (Aantekening aan die nasiener: Die leerder moet elke stap gee vir 'n ½ punt elk asook 'n verduideliking vir 'n ½ punt. Dit beteken dat elke stap 'n maksimum waarde van 1 punt het.)

Eerste stap: Bepaal die gemoedstoestand van die klaer.
- Polisiebeamptes moet in gedagte hou dat klaers in verskillende emosionele toestande by die polisiekantoor kan opdaag as gevolg van hul ervaring, veral as hulle slagoffers van geweldsmisdade was.
- Sommige klaers sal ontsteld en kwaad wees, terwyl andere (slagoffers van geweldsmisdade) uiters oorstuur/angstig sal wees.
- Dit is belangrik dat polisielede onthou dat, wanneer 'n klaer skakel of by die stasie opdaag om 'n klag in te dien, hy/sy die slagoffer (of getuie) van die een of ander vorm van misdaad was.
- Die polisiebeampte wat die klaer behulpsaam is, behoort te probeer om hom/haar in die klaer se plek te stel. Onthou die uitdrukking: 'Doen aan andere wat jy graag aan jouself gedoen wil hê.'
- Met ander woorde, as jy die klaer was, watter diens sou jy van die polisie wou ontvang? Polisiebeamptes behoort te probeer om die klaer se gemoedstoestand te identifiseer en dienooreenkomstig op te tree.

Tweede stap: Wen die klaer se vertroue.
- Polisiebeamptes behoort te probeer om die klaer te kalmeer.
- Dit kan op verskillende maniere gedoen word. Die benadering hang af van die klaer se geestestoestand op daardie oomblik.
- 'n Polisiebeampte behoort altyd vinnige en bekwame diens te lewer.
- Beamptes kan gerusstellende sinne gebruik soos 'Ek verstaan' of 'Ek sal my bes doen om jou te help met ...'.
- Dit is belangrik om die klaer gerus te stel, maar terselfdertyd nie te jok of beloftes te maak wat nie nagekom kan word nie.
- Die SAPD-lid behoort aan die klaer oor te dra dat die klag belangrik is en dat SAPD-lede hul bes sal doen om die klag op bekwame wyse te hanteer.

Kopiereg voorbehou

Derde stap: Tree professioneel op wanneer die klag opgeteken word.

- Lede van die SAPD moet elke klag deur lede van die publiek as belangrik beskou.
- Alle klaers verdien en behoort die beste moontlike aandag en diens van die SAPD te ontvang. (6 × ½) (3)

5.3 Artikel 37 van die SPW reël die verwerwing van inligting✓ deur vinger-, handpalm- en voetafdrukke✓ te neem, uitkenningsparades te hou, ✓ fisieke kenmerke vas te stel, ✓ en bloedmonsters ✓ en foto's te neem.

Slegs vinger-, handpalm- en voetafdrukke van verdagtes, beskuldigdes of veroordeelde persone mag geneem word.✓ Slegs mediese beamptes of verpleegsters mag bloedmonsters neem.✓

Die Wysigingswet op die Strafreg (Forensiese Prosedures) 37 van 2013 maak voorsiening vir die neem van bukkale monsters ✓ (speekseldeppers van die binnekant van die wang of mond van 'n persoon, byvoorbeeld deur gebruikmaking van 'n wattestokkie) ✓ deur polisiebeamptes vir DNS-analise. ✓

(Enige 6 × 1) (6)

5.4

- Dit sal tot nadeel van die samelewing wees indien slegs die behandeling van gevangenes aandag sou geniet, terwyl die noodsaaklike funksies van veilige aanhouding en bewaking van die gevangenes verwaarloos word. ✓
- Dit is dus belangrik dat hierdie funksies mekaar moet komplementeer/aanvul. ✓
- Dit is nie onmoontlik om die twee funksies te versoen nie, omdat hulle albei elemente bevat wat mekaar aanvul.
- Die basiese elemente wat deel uitmaak van 'n doeltreffende gevangenisstelsel word in artikel 4 van die WKD gestipuleer. Hulle is:
- Die versorging van gevangenes deur in hul basiese behoeftes te voorsien ✓
- Voedsame kos, kleredrag en mediese en tandheelkundige sorg ✓
- Die opheffing van gevangenes as individue in eie reg.
- Die skepping van 'n gunstige sielkundige en fisieke klimaat in die gevangenis, wat as 'n voorvereiste vir suksesvolle behandeling en rehabilitasie beskou word. (Enige 4 × 1 (4)

[15]

VRAAG 6

6.1 (Aantekening aan die nasiener: Die leerder kan bykomende verduidelikings en/of voorbeelde gee. Aangesien dit toegepaste teorie in praktyk is, kan punte vir logies korrekte antwoorde toegeken word.)

- Veroordeelde persone kan slegs tot ’n gevangenis toegelaat word deur voorlegging van ’n lasbrief [artikel 6 van die Wet op Korrektiewe Dienste, 111 van 1998 (WKD)].
- Veroordeelde persone word by ’n gevangenis in bewaring geneem.
- Dit beteken dat hul bewegingsvryheid beperk word.
- Sodanige beperking kan slegs deur die nodige regsdokument gemagtig word. Artikel 6(1)(a) van die WKD stipuleer duidelik: ‘’n Persoon mag nie in ’n gevangenis opgeneem word sonder ’n geldige lasbrief vir sy of haar aanhouding nie.’
- Die lasbrief magtig die kommissaris om die betrokke persoon by enige gevangenis aan te hou.
- Die lasbrief moet eers deur die hoof van die gevangenis gekontroleer word. Die rede hiervoor is dat die lasbrief aan sekere vereistes moet voldoen.
- Die belangrikste vereiste is dat daar by elke gevangenis ’n register moet wees waarin die volgende inligting opgeteken is:
- Inligting rakende die identiteit van ’n gevangene
- Die rede en magtiging vir die gevangesetting
- Die dag en uur van opname en vrylating (Enige 5 × 1) (5)

6.2 (Aantekening aan die nasiener: Die leerder kan bykomende verduidelikings en/of voorbeelde gee. Aangesien dit toegepaste teorie in praktyk is, kan punte vir logies korrekte antwoorde toegeken word.)

- Sekondêre viktimisering verwys na die manier waarop die strafregsplegingstelsel,
- die randberoepe soos gesondheid en welsyn,
- en die gemeenskap in die algemeen
- die slagoffer inderwaarheid weer eens kan viktimiseer
- deur die slagoffer te blameer,
- sy/haar rol in die strafregproses te ignoreer
- en deur hul onsensitiewe behandeling. (Enige 4 × 1) (4)

6.3 (Aantekening aan die nasiener: Die leerder kan bykomende verduidelikings en/of voorbeelde gee. Aangesien dit toegepaste teorie in praktyk is, kan punte vir logies korrekte antwoorde toegeken word. Die leerder ontvang 1 punt per kenmerk vir ’n maksimum van 3 punte asook 1 punt vir ’n verduideliking vir ’n maksimum van 3 punte. Dit beteken dat elk van die kenmerke ’n maksimum waarde van 2 punte het.)

Die volgende kenmerke van doeltreffende herintegrasieprogramme word geïdentifiseer:

- Multikultureel en deur die mense geskep: Suid-Afrika het ’n diverse bevolking. In ’n multikulturele omgewing moet sensitiwiteit en kultureel toepaslike ontwerpkenmerke, insluitend waardes, doelstellings, hulpbronne, aksie- en prosesplanne, verseker word.
- Transformasioneel: Enige goeie program moet transformasioneel wees om ruimte en die geleentheid te skep vir mense wat die program deurloop om hul optrede vrywillig te verander. Dit behoort ook die manier waarop hulle hulself en andere waarneem, te transformeer.
- Reisgebaseer: Die program behoort daarna te streef om gevangenes weg te keer van konflik deur middel van die reg en sosiale norme en waardes. Dit het ten doel om die siklus van misdaad, inhegtenisneming, skuldigbevinding en gevangenisstraf te verbreek. Die gevangene moet ’n handelswyse herdefinieer en doelstellings en strategieë formuleer.
- Prosesgebaseer: Programme behoort breedvoerig beplan te word en bereikbare doelwitte behoort geformuleer te word om op die gevangenes se sterk punte voort te bou.
- Aanpasbaar: Programme behoort van sodanige aard te wees dat dit volgens veranderende situasies aangepas kan word.
- Multifokus: ’n Program moet die kompleksiteit van die menslike natuur in ag neem en na die verlede, hede en toekoms kyk. Die gevangenes moet hulself met betrekking tot andere verken en strategieë vir verandering formuleer.
- Multidimensioneel: Programme moet ruimte skep vir die multidimensionele aard van menslike interaksie en sosiale, geestelike en sielkundige aspekte van die gevangenes hanteer, met inagneming van die oortreders se potensiaal en intellek. Verdere aspekte, bv inspirasie, geskiedkundige en kulturele wortels, gemeenskapservarings, emosies en die manier waarop hulle hulself uitdruk, sal tot die sukses van die program bydra.
- Holistiese benadering: Die program moet die waardes en beginsels van die omgewing weerspieël.
- Hulpbronryk: Verskillende rolspelers en hulpbronne behoort gebruik te word, insluitend vrywilligers, families, NRO’s en gemeenskapgebaseerde organisasies (GBO’s), beroepslui, die private sektor asook beleidmakers en besluitnemers.
- Aktiewe ervaring: Die deelnemers moet in staat wees om die waardes en beginsels wat uit die program verkry is, te implementeer. Die doel van straf moet wees om ’n beter individu aan die samelewing terug te gee. (Enige 6 × 1) (6)

[15]

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C

Beantwoord al die vrae in AFDELING C.

VRAAG 7

7.1
- Sodra ’n verklaring afgeneem is, moet die saakdossier verwerk word in die MAS waar ’n MAS-nommer aan die saak toegeken word.

Die saaknommer bestaan uit die volgende:
- Polisiestasie se naam, MAS, serienommer/datum: dag, nommer van maand en jaar, bv Ceres MAS 19/11/2020.
- Die doel van die MAS in die SAPD is om die werk van die personeel te fasiliteer en om polisiëring meer effektief te maak.
- Die MAS-nommer word aan die klaer gegee as ’n verwysingsnommer nadat die misdaad aangemeld is.
- Deesdae gebruik die polisie ook SMS-dienste om die registrasie van die saak te bevestig en om die klaer op die hoogte te hou van die ondersoekproses en die uitkoms indien daar geen resultate was nie.
- Alle inligting wat in die MAS ingevoer word, moet korrek wees.
- Indien die MAS korrek bestuur word, vereenvoudig dit die bestuur en administrasie van bewysstukke.
- Dit is ook ’n bron van inligting om misdaadsyfers, misdaadtendense en klaringskoerse vas te stel. (Enige VYF van die bostaande) (Enige 5 × 1) (5)

7.2 (Aantekening aan die nasiener: Die leerder kan bykomende verduidelikings en/of voorbeelde gee. Aangesien dit toegepaste teorie in praktyk is, kan punte vir logies korrekte antwoorde toegeken word.)

Die aanklaer kan weier om te vervolg, wat beteken dat geen aksie teen ’n verdagte ingestel sal word nie, na gelang van die volgende drie faktore:

(a) Die aard en erns van die misdryf:
- Erns van die oortreding:
  - Die uitwerking/effek van die misdryf op die slagoffer;
  - Manier waarop die misdryf gepleeg is;
  - Die motivering vir die handeling;
- Aard van die misdryf:
  - Voorkoms en herhaling;
  - Die uitwerking op openbare orde en moraal
- Ekonomiese uitwerking op die gemeenskap:
  - Bedreiging vir mense of skade aan openbare eiendom;
  - Die uitwerking op die gemoedsrus en gevoel van sekerheid van die publiek
- Waarskynlike uitkoms in die geval van ’n skuldigbevinding

(b) Die belange van die slagoffer en die gemeenskap in die algemeen:

- Gesindheid van die slagoffer van die oortreding jeens ’n vervolging en die potensiële gevolge daarvan om dit te staak. Hierdie faktor moet omsigtig oorweeg word, aangesien openbare belang kan eis dat sekere misdade vervolg behoort te word, ongeag die slagoffer se wens om nie daarmee voort te gaan nie.
- Die noodsaak van individuele en algemene afskrikking
- Die noodsaak om openbare vertroue in die strafregsplegingstelsel te handhaaf.
- Vervolgingsprioriteite soos van tyd tot tyd bepaal.
- Die waarskynlike geldelike uitgawe van ’n verhoor en of ’n vervolging teenproduktief beskou sal word of nie.

(c) Die omstandighede van die oortreder:

- Vorige veroordelings van die beskuldigde, sy/haar misdaadgeskiedenis, agtergrond, strafbaarheid en persoonlike omstandighede, asook versagtende en verswarende faktore.
- Of die beskuldigde skuld erken het, berou toon, vergoed het of bereid is om met die owerhede saam te werk in die ondersoek na of vervolging van andere.
- Of die doelwitte van strafregspleging beter gedien sal word deur niestrafregtelike alternatiewe vir vervolging te implementeer, veral in die geval van jeugoortreders en minder ernstige sake.
- Of daar ’n onredelik lang vertraging was tussen die datum waarop die misdryf gepleeg is, die datum waarop die vervolging ingestel is en die verhoordatum, met inagneming van die kompleksiteit van die oortreding en die rol van die beskuldigde in die vertraging.

(Enige VYF van die bostaande) (Enige 5 × 1) (5)

7.3

- Dagparool is ’n plasingsopsie wat gebruik word om effektiewe beheer oor gekose oortreders te verseker wat nog nie in alle opsigte gereed is vir plasing op parool nie.
- Dit kan dus as ’n voorfase vir parool beskou word.
- Sodanige paroolgangers word toegelaat om die korrektiewe sentrum tydens kantoorure te verlaat,
- byvoorbeeld om te werk, om werk of verblyf te soek en programme by te woon
- maar hulle moet snags/saans na die korrektiewe sentrum terugkeer.

Oortreders wat vir dagparool gekies kan word, is:

- Diegene wat praktiese hervestigingsprobleme ervaar.
- Diegene wat geïnstitusionaliseer is of diegene met aanpassings- of sosialiseringsprobleme
- Diegene wat ’n onseker prognose het en ’n hoë veiligheidsrisiko inhou

Die doel is om kriminalisering en institusionalisering teen te werk in die sin dat:

- Die dagparoolganger geleidelik aan lewe in ’n vry samelewing gewoond raak.
- Beheer en toesighouding steeds gedurende die dagparooltydperk oor die

dagparoolganger uitgeoefen word.
- Hy/sy stelselmatig aan meer verantwoordelikheid blootgestel word.
- Die parool of korrektiewe toesig oor ’n paroolganger wat nie die voorwaardes nakom nie, opgeskort kan word en die oortreder in ’n korrektiewe sentrum aangehou kan word om die oorblywende gedeelte van die vonnis uit te dien.

(Enige VYF van die bostaande) (Enige 5 × 1) (5)

7.4 (Aantekening aan die nasiener: Die leerder kan bykomende verduidelikings en/of voorbeelde gee. Aangesien dit toegepaste teorie in praktyk is, kan punte vir logies korrekte antwoorde toegeken word.)

- Misdaad is ’n breër konsep as om ’n wet te oortree of van ’n regulasie af te wyk.
- Misdaad is ’n ontwrigting van die driedimensionele verhouding tussen slagoffer, oortreder en gemeenskap.
- Omdat misdaad die slagoffer en die gemeenskap benadeel, behoort herstel van die skade en genesing van die slagoffer en gemeenskap die primêre doelwit te wees.
- Die slagoffer, oortreder en gemeenskap moet betrokke wees by die bepaling van die inhoud van die reaksie op misdaad; die staat moet die monopolie op hierdie gebied prysgee.
- Saakbeskikking moet gebaseer wees op slagoffer- en gemeenskapsbehoeftes, verantwoordelikheid, gevaar aan samelewing of misdaadverlede.

(5 × 1) (5)

7.5 (Aantekening aan die nasiener: Die leerder kan bykomende verduidelikings en/of voorbeelde gee. Aangesien dit toegepaste teorie in praktyk is, kan punte vir logies korrekte antwoorde toegeken word.)

- Voorwaardelike begenadiging of begenadiging deur die Staatspresident
- Vrylating op mediese gronde word gebruik vir gevalle waar gevangenes Vigs het of terminaal is.
- Vrylating ná vonnisversagting waar die duur van die vonnis verkort word, byvoorbeeld korrektiewe toesighouding of huisarres.
- Korrektiewe toesighouding of proeftydperk
- Parool (5 × 1) (5)

[25]

TOTAAL AFDELING C: 25

AFDELING D

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in AFDELING D.

VRAAG 8

(Aantekening aan die nasiener: Die leerder kan bykomende verduidelikings en/of voorbeelde gee. Aangesien dit toegepaste teorie in praktyk is, kan punte vir logies

korrekte antwoorde toegeken word.)

Die volgende is kernkonsepte in die vonnisopleggingsproses:

Vonnisoplegging is die spesifieke proses in die verhoorfase wanneer ’n straf aangekondig word.

Straf is gewoonlik ’n vonnis, boete of ander bestraffing, met die uitsondering van ’n waarskuwing deur die hof, deur na die volgende te verwys:
- Dit is iets onaangenaams vir die oortreder.
- Dit is die gevolg van ’n misdaad/misdryf wat gepleeg is.
- Dit word aan die pleger van die misdaad opgelê. ✓
- Dit sluit in strafmaatreëls of sanksies deur ’n hof met die nodige bevoegdheid.

Die drie beginsels (die triade) wat deur die howe as die basiese elemente van vonnisoplegging uitgewerk is, word toegepas wanneer ’n vonnis opgelê word.

Die drie beginsels wat in ag geneem moet word by vonnisoplegging is:
- Die erns van die misdaad ✓
- Die belange van die gemeenskap
- Die persoonlike omstandighede van die beskuldigde.

Vonnisoplegging is ingewikkeld omdat verskeie faktore altyd in gedagte gehou moet word wanneer ’n geskikte vonnis oorweeg word.

Drie verwante vrae is die volgende:
- Wat is die toepaslike doelstellings van vonnisoplegging en hoe behoort dit geweeg te word in die lig van die feite van die huidige saak?
- Hoe kan die doelstellings van vonnisoplegging in die omstandighede van die saak bereik word?
- Watter spesifieke vonnis is geregverdig gegewe die feite van die saak?

Vonnisoplegging behels die volgende:
- Die beslissing wat met die vonnis verband hou, is ’n belangrike element in hofprosedure.
- Met die openbaarmaking van die beslissing, kondig die verhoorhof die vonnis aan en maak dit aan die beskuldigde en ander belanghebbende partye bekend.

Die beslissing moet gegee word:
- In die ope hof en in die teenwoordigheid van die beskuldigde.
- In ’n taal wat die beskuldigde en alle belanghebbende partye kan verstaan.
- So gou moontlik ná skuldigbevinding.
- Nadat die beskuldigde die vonnis aangehoor het, mag hy/sy hom/haar na ’n appèlhof wend en aansoek doen om verlof tot appèl teen die uitspraak.
- Die appèlhof sal in staat wees om die denkwyse van die verhoorhof ten tyde van die oplegging van die vonnis te identifiseer en te oorweeg.
- Oplegging van die vonnis is die plig van die voorsittende beampte, wat alleen oor ’n geskikte vonnis besluit en die oortreder vonnis.
- Vonnisoplegging behels nie slegs die oorweging van verswarende en versagtende faktore nie, maar moet ook ’n spesifieke doel hê.
- Die belangrikste oogmerke van straf is afskrikking, voorkoming, hervorming en vergelding.

- Nie een van die doelstellings moet oormatig beklemtoon word nie.
- *Regter NV Khumalo*, die appèlregter, het die volgende opsomming gegee:
- 'Straf moet by die misdadiger asook by die misdaad pas, regverdig teenoor die samelewing wees en met 'n mate van begenadiging vermeng word volgens die omstandighede.'
- Die doel van straf is om by 'n geskikte straf uit te kom.
- Die besluit op 'n vonnis moet met menslikheid en simpatie getemper word.

- Die hof moet dus nie vonnis om wraak te neem of die oortreder te vernietig nie.
- Hierdie maatstaf van menslikheid staan bekend as begenadiging.
- Hoewel die hof die geregtelik korrekte vonnis oplê, behoort dit nogtans versag te word met menslikheid sodat die straf nie gebruik word om die oortreder te vernietig nie.
- Die doel van vonnisoplegging is die rehabilitasie van die individu sodat die oortreder se gesindheid teenoor die lewe verander word.
- In die geval van gevangenisstraf is die doel daarvan om ondersteuning te bied sodat die misdadiger ná vrylating op 'n sosiaal aanvaarbare manier by die samelewing kan aanpas.
- Suksesvolle rehabilitasie kan misdaad voorkom.
- Straf dien as 'n afskrikmiddel aan individuele persone asook die samelewing in die geheel.
- Die onaangenaamheid van straf behoort 'n les vir die individuele oortreder te wees wat die straf deurloop en ook as 'n voorbeeld vir potensiële oortreders te dien sodat hulle nie misdaad pleeg nie.
- Misdaad kan voorkom word in soverre straf individue en die publiek oor die algemeen ontmoedig.
- Gevangenisstraf lei tot 'n oortreder se verwydering uit die samelewing.
- Tydens die periode wat die misdadiger uit die samelewing verwyder is, word misdaad verhoed.

(Enige 20 × 1) **[20]**

OF

VRAAG 9

Aantekening aan die nasiener: Die leerder kan bykomende verduidelikings en/of voorbeelde gee in sy/haar bespreking van die drie konsepte.

- Resepsie is 'n proses waarvolgens aspekte van 'n ander regstelsel vrywillig in 'n bestaande regstelsel ontvang word,
- dinge bygevoeg en in werking gestel word.
- Dit kan as gevolg van berekende besluite of oor 'n tydperk deur middel van 'n proses van aanvaarding gebeur.

Elemente van resepsie is:

- Aspekte is onderdele of gedeeltes van iets; nie die hele ding nie.
- Vrywillig verwys na die manier waarop iets gedoen word sonder dwang of verpligting, dus uit eie vrye wil.
- Ontvangs is die proses waarvolgens iets verkry en aanvaar word.
- Bestaande regstelsel verwys na 'n huidige regstelsel wat op 'n sekere tydstip in

gebruik is.
- Resepsie verwys dus na ’n situasie waar die mense in ’n grondgebied hul eie regstelsel beskikbaar het,
- maar toelaat dat gedeeltes van ’n ander regstelsel by hul stelsel geïntegreer word.

Voorbeelde van resepsie:
- Die aanvaarding van Romeinse reg in die Germaanse regstelsels, insluitend dié van die Nederlande en in die besonder die Provinsie van Holland
- Kanonieke reg in die Germaanse en Engelse reg in Europa en Engeland
- Engelse reg in Romeins-Hollandse reg in Suid-Afrika ✓
- Wanneer ’n volledige regstelsel van een gemeenskap aangeneem word
- en vrywillig deur ’n ander gemeenskap sonder ’n bestaande regstelsel in werking gestel word, staan hierdie proses as *verplanting* bekend.

- Hollandse setlaars het in die 17de eeu na die suidelike punt van Afrika gekom. Hulle wou ’n verversingspos vir die *Vereenigde Oost-Indische Compagnie* (VOC) aan die Kaap die Goeie Hoop vestig, soos hulle destyds Kaapstad en omstreke genoem het.
- Hulle het hul eie wette en regstelsel saamgebring soos dit in die Provinsie Holland in Nederland beoefen is.
- Hul regsreëls het bekend gestaan as Romeins-Hollandse reg.

Die elemente van *verplanting* is:
- Volkome is ’n woord wat gebruik word om na iets in die geheel te verwys; die volledige eenheid.
- Aangeneem is die proses waarvolgens iets aanvaar en geïnkorporeer is.
- Geïmplementeer verwys na ’n proses waarvolgens ons begin om iets te gebruik of toe te pas.
- Vrywillig verwys na die manier waarop iets gedoen word sonder dwang of verpligting, maar uit eie vrye wil.

- Die Hollandse setlaars het dus die Hollandse stelsel oorgeneem
- en dit vir hul eie doeleindes begin gebruik.
- Dit was egter nie dieselfde geval met inheemse mense wat in dieselfde gebied gewoon het nie.

Die laaste konsep is *Oplegging.*
- Geskiedkundige bronne deel ons mee dat, toe die setlaars aan die Kaap geland het, inheemse gemeenskappe van Suid-Afrika reeds hul eie regstelsel gehad het
- wat hulle oor eeue heen beoefen het.
- Die plaaslike Khoi en die San het op daardie tydstip ’n semi-nomadiese lewe in die streek gevoer.
- Hoewel hulle nie skrif gehad het nie, kon historici oor hul geskiedenis leer deur hul rotstekeninge te bestudeer,
- deur middel van argeologie en deur oor hul tradisies te leer, soos mondeling oor eeue heen oorgedra.
- Hierdie gemeenskappe het hul eie manier gehad om probleme te hanteer ✓
- en wou nie die buitelandse wette en prosesse ✓
- van die setlaars volg nie omdat hulle as oorspronklike inwoners van die gebied hul eie gehad het.

- Ons kan dus sonder twyfel sê dat die Hollanders en later die Britte hul wette ✓
- en reëls op die inheemse mense aan die Kaap afgedwing het.
- Regskrywers gebruik die term ‘oplegging’ om die onwelkome toepassing en afdwinging van ’n regstelsel in ’n gemeenskap wat reeds ’n bestaande stelsel het, te beskryf.

(Enige 20 × 1) **[20]**

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou